

Vrydag 28 Januarie

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:10-21; NGB Artikels 2-7

Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:20-21

Die waarheid kan nie twee dinge beteken nie

Geen profesie is 'n saak van eie uitleg nie. Hierdie woorde plaas 'n baie spesifieke beperking op die wyse waarop ons as gelowiges die Bybel moet en kan verstaan. In kort kom dit daarop neer dat jy nie self kan verklaar wat die Bybel beteken nie. Jy kan nie 'n opinie hê oor wat jy dink die Bybel beteken nie.

Die Outeur van die Skrif, God die Heilige Gees, gee immers self betekenis aan die teks. Dit gebeur tog so maklik dat mense hulle eie betekenis en eie gevoel en denke "inlees" in die Bybel. Die sogenaamde "insigese" in plaas van eksegetiese.

Dit beteken glad nie dat ons as gelowiges, soos sommige ou vaders veral uit die Roomse tradisie, die Bybel as te heilig beskou dat enige gewone lidmaat nie die Bybel mag lees nie. Wat dit wel bedoel, is dat ons nie die Bybel kan lees sonder om die geheel van die Bybel in ag te neem nie. Ons kan en mag nie blote versies aanhaal en buite konteks vir onself 'n eie geloof bou nie.

Daarom ook dat ons bely in NGB Artikel 7 oor die volkomenheid van die Skrif dat niemand anders mag leer as wat ons deur die Heilige Skrif geleer word nie, al is dit 'n engel uit die hemel. Niemand mag na eie willekeur byvoeg of weglaat wat die Heilige Gees in ewigheid vasgelê het nie.

So word ons onderrig deur die Heilige Gees dat die waarheid nie twee dinge kan beteken nie, maar wel dat die waarheid op duisende maniere, in al die fasette van ons lewens, van toepassing is. Mag die Heilige Gees ook in u hart werk om die waarheid van die evangelie vas te glo en u lewe daarop te bou.

Sing: Psalm 119-1:1, 4

Ds. LJE Venter (Lourens) (Centurion)